

OESTERBAAI INWONERSVERENIGING

NOTULE: VERGADERING VAN DIE BESTUURSKOMITEE GEHOU OP 13 DESEMBER 2022 OM 10:00 TE MOSSELSTRAAT, OESTERBAAI.

TEENWOORDIG

Walter Kurten
Adriaan van Wyk
Hylien de Jonge
Riekie Pienaar
Anita Swanepoel
Martiens Kuneke
Otto Pepler

1 OPENING & VERWELKOMING

Walter heet almal teenwoordig welkom.

2 VERSKONINGS

Buks Degenaar
Maranda Degenaar

3 AANVAARDING VAN VORIGE NOTULE

Die notule van die vergadering, gehou op 25 Oktober 2022, word aanvaar en goedgekeur.
Wysiging: 4.8 Ds. Tiaan van der Merwe moet lees Ds. Tiaan Müller.
Voorgestel: Otto. Sekondant: Martiens

4 SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE

4.1 FINANSIES

Martiens bespreek die Finansiële staat. Sien aangeheg.

Totale inkomste: R 82 418.00
Totale uitgawes: R 64 262.00
Oorskot: R 18 156.00

Daar is meer spandeer as die vorige jaar, bv.
Medaljes vir die Sandwater Skool
Bossiekapper/randsnyer
Bankies op die strand.

Otto vra dat Martiens op die AJV moet meld watter projekte vir 2023 beplan word, o.a. die herstelwerk aan die saal en dorpsverfraaiing (Bouwen Schellingerhoudt se voorstel).

Walter noem dat daar in 2022 meer gedoen is met minder geld. Hy stel ook voor dat Martiens meer detail van die uitgawes moet gee wanneer hy sy voorlegging by die AJV doen.

AKSIE: MARTIENS

4.2 GEMEENSKAPSAAL

4.2.1 Verf van dak

Die kwotasie vir die herstel van die dak beloop R120 000. Die bestuurskomitee keur dit goed dat die R40 000 vir die arbeid deur die OIV betaal sal word en die koste van die materiaal deur die Munisipaliteit – ongeveer R80 000.

4.2.1 Omheining.

Walter sê dat die omheining om die saal 4 jaar se soebat behels het voor die Munisipaliteit dit opgerig het. Daar is inwoners wat nou die doel/nodigheid van die heining bevraagteken. Dit hou voorkom beslis vandalisme en hou rondloper vee uit.

AKSIE: WALTER

4.3 DORPSVERFRAAIING

4.3.1 Voetslaanpad

Otto bevestig dat die Voetslaanpad reeds skoongemaak is en dat hy daarvoor betaal het. Martiens vra vir die faktuur/kwitansie van Elmarie Stofberg.

Daar is ook 'n bruggie gemaak, sodat voetslaners makliker oor die pype by die opvangput kan klim. Otto sal nog 'n paal insit by die bruggie waaraan persone kan vashou – t.w.v. beter veiligheid.

AKSIE: Otto

4.3.2 Voorlegging Bouwen Schellingerhoudt.

Kwotasies vir die bou van die muur by die ingang waarop die Oesterbaai en Umzamowethu se name aangebring sal word, is van Herman en Romney ontvang. Bouwen het aangedui dat hy ook 'n kwotasie van Marinus sal bekom.

Otto sal Zanie kontak om 'n projektor te kry, sodat Bouwen se voorlegging met die vergadering gedeel kan word.

Walter noem dat die Fases van die Voorlegging nog verder bespreek moet word. Die voorstel vir die plant van inheemse bome langs die toegangspad waarskynlik nie prakties sal wees nie, omdat die beste wat gereeld op die pad aangejaag word, dit sal vertrap. Die eerste eiland na die ingang tot die dorp sal as tweede fase meer gepas wees.

AKSIE: Otto, Walter

4.3.3 Voetpad langs saalheining.

Inwoners van Umzamowethu vind dit moeilik om 'n deel van die voetpad langs die heining te gebruik, omdat dit steil en glad is. Otto is van mening dat houttrappies daar aangebring moet word. Dit sal aandag geniet.

Riekie noem dat die Lexingtonlaan, langs die NSRI na die onderkant van die Dorp aandag nodig het. Martiens noem dat hy daarna sal laat kyk.

AKSIE: Otto, Martiens

4.3.4 Plant van bome

Otto noem dat hy 50 bome gegee het vir die stortingsterrein. Dit is reeds geplant. Blomme sal ook geskenk word.

AKSIE: Otto

4.3.5 Vullishouers

Otto noem dat daar te min blou vullisdromme op strategiese plekke in die dorp is. Martiens vra dat Otto dit op 'n kaart plaas. Hy sal dan sorg dat dit aangebring word.

AKSIE: Otto, Martiens

4.4 KERSMARK

Riekie word aan die woord gestel. Werkverdeling word aangeheg vir lede.

Uitstallers sal vanaf 08:30 opdaag. Geen motors gaan binne die terrein toegelaat word nie. Die uitstallers laai hulle waentjies en produkte af en parkeer dan aan die buitekant van die heining.

Daar sal 17 stalletjies binne in die saal wees en 6 buite.

Walter sal 2 werkers reël vir die dag. Reflektor bibs sal gedra word.

Adriaan noem dat die terrein reeds skoongemaak is.

Indien beurtkrag plaasvind, sal Walter en Otto reël vir kragopwekkers. (Martiens, Buks en Erna het)

Daar moet ook 'n tafel wees vir die NSRI.

Riekie bevestig ook dat die brandblussers reg is.

Johan Hennop sal help met die plakkate.

Riekie noem dat die St. Francis SAPD bevelvoerder in kennis gestel is. Sy sal Calibre en SMHART ook inlig.

Daar sal nog vullisdromme op strategiese plekke geplaas word. Ekstra swart sakke word benodig.

Walter sal die proteas gaan afhaal.

Ria sal help om die bordjies vir die uitstallers te skryf.

Martiens se OIV – stalletjie (koeldrank en worsbroodjies) is ook reg.

Die kompetisie vir die naamgewing van die Voetslaanpad is ook gereël. Daar is R1000 prysgeld vir die stapper wat die regte naam kies. Kompetisie inskrywingsvorms is beskikbaar by die winkel. Die reëls is reeds op die WhatsApp – groep gekommunikeer.

AKSIE: Alle lede

4.5 WATERVOORSIENING.

Otto dat 'n kragopwekker dringend benodig word om in tye van kragonderbrekings die waterpompe aan te dryf. Indien Eskom se kragprobleme aanhou en vakansie- en huurhuise so vol is gedurende vakansies, moet 'n kragopwekker dringend aangeskaf word.

Otto onderneem om kwotasies te kry en daar moet donasies gesoek word. Hy sal dit by die AJV vermeld.

AKSIE: Otto

6 VOLGENDE VERGADERING

Jaarvergadering.

7 AFSLUITING

Walter bedank almal vir hul teenwoordigheid en harde werk deur die jaar. Die vergadering word verdaag.

.....
GOEDGEKEUR
VOORSITTER

.....
SEKRETARESSE

DATUM: